

# Ene ore vir grasvlakte-praatjies van die dag

**Die bastergemsbok (*Hippotragus equinus*) is, ondanks sy naam, nie 'n verbastering van die gemsbok nie. Dit deel die genus *Hippotragus* met die uitgestorwe bloubok en die swartwitpens. Die bastergemsbok het kenmerkende groot ore, wat ongeveer 26 cm lank is en glo op die blare van die aspidistra – 'n bekende binnenshuise plant – trek. Jonger diere se oorpunte het donkerder haarklossies as dié van volwassenes. 'n Bul se horings kan tot 'n meter lank word, met dié van koeie ietwat korter. Hulle word as dapper diere beskryf wat sonder huiwering 'n roofdier soos 'n leeu sal aanval. 'n Bastergemsbok kan tot 19 jaar oud word.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Dié 26 letters laat jong oë struikel

**Tot 81% van gr. 4-leerlinge in Suid-Afrika kan nie met begrip lees of skryf nie.**

Dit is volgens die vyfjaarlikse peiling oor die vordering van leesvaardighede wat deur die Progress in International Reading Literacy Study (Pirls) onder 2021 se gr. 4-leerlinge gedoen is.

Die peiling wys dat leesvaardighede teruggeval het. Teen hierdie tempo beteken dit dat Suid-Afrika nie sy doelwit gaan behaal dat alle kinders van tien jaar oud teen 2030 met begrip kan lees nie.

Dit kan selfs 86 jaar neem om dit te behaal, aldus 'n studie van Universiteit Stellenbosch (US). Die US se navorsing het ook aangetoon dat in sommige provinsies minder as 50% van gr. 1-leerlinge in gratis skole teen die einde van die jaar al die letters in die alfabet ken.

Dit skep 'n agterstand wat moeilik uitgewis word en kring negatief na die begrip van alle skoolvakke uit.

In reaksie op die Pirls-peiling sê die Menseregtekommissie (MRK) dat Suid-Afrika die swakste gevaar het van die 43 lande wat deel daarvan was.

Hoewel die Covid-19-pandemie grootliks die skuld kry, het Suid-Afrika nie juis waffers in vorige vyfjaarlikse peilings gevaar nie.

Die MRK is diep besorg en meen die onvermoë om met begrip te lees of skryf is 'n ernstige struikelblok vir akademiese vordering en selfuitdrukking.

In 'n studie in opdrag van Devex International Development wat aan die Universiteit van Oxford gedoen is, is bevind dat kinders in hul moedertaal moet leer lees en skryf. In die meeste ontwikkelende lande word Engels as onderrigmedium gebruik.

Dié kundiges het lof vir die Suid-Afrikaanse Nal'bali-trust, wat daarop gemik is om 'n liefde vir lees en storievertel in 'n moedertaal te kweek.

Voorts waarsku die kundiges dat die digitalisering van al hoe meer kommunikasie tot laer geletterdheidsvlakke lei. Weens toenemende gebruik van digitale platforms kommunikeer mense al hoe minder direk, en leer as 't ware af om selfs behoorlik te praat.

Juweeltjie

## s'n teenoor sin

s'n (of s'ne) = dui besit aan, besitlike voornaamwoord; sin = verskeie ander betekenisse, selfstandige naamwoord

- Die skoene is pa s'n(e) en die hoed is ma s'n.
- Die vyf sinne; die sin van die lewe; van jou sinne beroof wees; die boek wemel van swak sinne.

– **Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

Twyfelhoekie

# Verlange loop ver pad met onthou

HANNES NOËTH

**Dit gebeur met almal van ons.**

Tye waarna 'n mens skielik net verlang.

Ver terug onthou.

Met my gebeur dit maklik wanneer ek op die stoep in die sonnetjie sit en kyk hoe die seisoene voor en om my verander, die herfsblare kleur en die winter voor die deur lê.

Dan gaan my gedagtes na winters op die plaas, lemoentyd, vroeg donker word en korter dae.

Op sulke dae dan dink 'n mens terug aan die koshuisdae van grootword, die onderwysers wat jou gevorm het.

Familiekuiers, en oor vriende met wie 'n mens lankal kontak verloor het.

Ek onthou die politieke gesprekke tussen skoolmaats, waar almal in die kerk gesit het.

Ek dink aan mense wat my lewenspad gekruis het, mense wat ek so graag nog een keer sal wil sien, mense wat ek asseblief net nooit weer wil sien nie.

Mense wat my gedra het, mense wat my te na gekom het.

Ek dink aan onreg en reg.

'n Mens verlang na mense en gebeure, plekke en tye.

Hoe lekker sou dit wees om nog een keer die hek van die plaas te kon oopmaak, laat in die nag, te weet pa en ma wag 'n mens in, warm gekookte kos op die tafel in 'n winternag.

Maar eers net al die maande se kuier inhaal.

Daardie tye toe die kinders klein was, ook dit gaan die gedagtes nie verby nie.

Wat 'n voorreg om te verlang, om te kan terugdink.

Dit beteken 'n mens het beleef, ervaar, geleef.

Daarom moet ons ons onthou koester.

Om te verlang is kosbaar.

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**



Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

Potpourri

# Pronk met dankie

KARIN MULLER

**Sy laat vir my 'n stemboodskap waarin sy vra waar sy vir my 'n pakkie met hul bode kan laat aflewer.**

Ek laat 'n stemboodskap aan haar wat sê dat ek op pad na 'n vergadering by hul kantoor sal stop en dit afhaal.

Ek is effens onseker oor hierdie pakkie.

Hulle skuld my 'n syfer, maar dit is iets wat per e-pos gekommunikeer kan word.

Dalk is hierdie syfer in 'n pakkie dokumente uiteengesit.

Die vergadering is in 'n gebou en met mense wat aan die plaaslike gemeenskap baie bekend is, maar nie aan my nie.

Ek ken die naam en het toevallig die uitvoerende direkteur vlugtig ontmoet, maar alles aan die vergadering is vir my vreemd.

Op pad na die vergadering stop ek by my kliënt se kantoor.

Die ontvangsdame groet my vriendelik en oorhandig blomme, sjokolade en 'n rooi briefie.

'n Tasbare dankie is oor die algemeen yl gesaai en 'n warm gevoel skop nes in my hart.

Toe ek my voertuig aanskakel, glimlag ek.

Ek kan tog nie die blomme en sjokolade in my voertuig los terwyl ek die vergadering bywoon nie.

Ek los 'n stemboodskap aan die uitvoerende direkteur waarin ek lomp verduidelik dat ek onverwags blomme en sjokolade gekry het en dit saambring.

En so woon ek die vergadering by – met my blomme en sjokolade pronkend op die koffietafel – asof dit die algemeenste ding op aarde is.

Kameeldoring

# 'Draai om, of af'

CHARNÉ KEMP

**"Sadly enough, the most painful goodbyes are the ones that are left unsaid and never explained." – Jonathan Harnisch, *Freak***

Dit kan 'n wond bly as jy dit toelaat. 'n Letsel wat by tye brand. Weke lank sien of voel jy nie die letsel nie, maar op 'n dag is daar 'n klank, 'n gesig, 'n reuk, en herinnering.

Die hart krimp ineen. Vrae maal, 'n situasie word herleef. Die emosies van daardie tyd, die verwonding, die nagte dat jou worsteling Klaas Vakie verjaag het.

Die verlore vriendskap. Soos die ruïne van 'n katedraal. 'n Majestueuse gebou wat eens was. Waar vriendskappe gedy het. Die musiek van saamlag en skater, die koorsang van skinder en grapmaak, die lawwigheid en danspassies, wanneer te veel "nagmaalwyn" geniet word.

Die vertroue, die begrip, die saamwees. Die ure lange teedrinksessies, die heerlike vakansies saam, die gesprekke om gesellige vlamme.

Dan, op 'n dag, stilte. Gesprekke wat nie meer is nie. Gesels wat opgedroog het. Geen antwoorde, verduidelikings of wedersydse begrip wat die kloof kon oorbrug nie.

Klipmure staan getand en ontbloot. Aan wind en weer blootgestel. Die gras het alles toegegroei. Die kanse dat dit opgebou gaan word, uiters skraal.

Draai om, of af. Die lewenspad het 'n natuurlike vurk gemaak.

Wees nie bewoë oor dit wat jy nie kon sê en sy of hy nie die moed of insig gehad het om te verduidelik nie. Want nuwe katedrale het om jou verrys, verryk met ander mense, nuwe vriende.